basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## EKONOMIE VRAESTEL 2

## NOVEMBER 2018

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 22 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 C – gemiddelde ✓✓
1.1.2 B – homogeen ✓✓
1.1.3 A – beide veranderlike en vaste ✓✓
1.1.4 C – volmaak mededingende ✓✓
1.1.5 B – finansies ✓✓
1.1.6 D – groen ✓✓
1.1.7 D – arbeids- ✓✓
1.1.8 A – bemarkbare permitte ✓✓ (8 x 2) (16)

### 1.2 PASITEMS

1.2.1 E – Wanneer dit onmoontlik is om die welvaart van een persoon te vergroot sonder om die welvaart van 'n ander persoon te benadeel

1.2.2 F – Werklike besteding van 'n besigheid, bv. lone en rente

1.2.3 A – Vind plaas waar gemiddelde inkomste aan gemiddelde koste gelyk is

1.2.4 I – Produkte wat verskil met ander woorde nie soortgelyk nie

1.2.5 B – 'n Volgehoue daling in die algemene prysvlak oor 'n tydperk

1.2.6 C – Maatreëls wat verseker dat die maksimum vlak van 'n hulpbron gebruik word, bv. ton vis gevang

1.2.7 D – Onbeheerde verwydering van plantegroei op 'n onvolhoubare wyse

1.2.8 G – Dit word slegs volgens 'n mandjie goedere bereken (8 x 1) (8)

### 1.3 GEE DIE TERM

1.3.1 Vaste ✓
1.3.2 Volmaakte ✓
1.3.3 Marginale ✓
1.3.4 Stagflasie ✓
1.3.5 Kulturele/Paleo ✓
1.3.6 Hernubare ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

## VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Gee enige TWEE voorbeelde van natuurlike monopolieë.**

- Eskom ✓
- De Beers Diamante ✓
- Watervoorsiening (aan 'n spesifieke provinsie soos Sebideng water / Bloem-water / Umgeni water) ✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

2.1.2 **Wat is die hoofdoelwit van markte in die ekonomie?**

Markte bring kopers en verkopers bymekaar om die <u>prys te bepaal</u>/ <u>reguleer die produksie</u> van goedere en dienste / toedeling van hulpbronne / meganisme om goedere en dienste te uitruil ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Watter instelling beboet maatskappye wat aan samespanning skuldig is?**

Mededingingstribunaal ✓ (1)

2.2.2 **Wat is die rol van die mededingingsappèlhof?**

Hersien besluite of opdragte van die Mededingingstribunaal ✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

2.2.3 **Noem enige EEN doelstelling van die mededingingsbeleid.**

- Om te voorkom dat monopolieë hul magte misbruik ✓✓
- Om vorming van samesmeltings te reguleer ✓✓
- Stop besighede om prysvasstelling, verdeling van markte ✓✓
- Bevorder regverdige mededinging om ekonomiese ontwikkeling te bevorder sodat geleenthede vier die transformasie van die ekonomie te verseker ✓✓
- Verskaf mededingende pryse en ‘n verskeidenheid van produkte aan die verbruikers ✓✓ (2)

2.2.4 **Hoe bevoordeel mededinging op die mark die gebruiker?**

Die verbruiker word bevoordeel deur:
- ‘n groter verskeidenheid om uit te kies ✓✓
- laer pryse vir produkte te betaal ✓✓
- beter kwaliteit goedere en dienste ✓✓
- gelyke geleenthede om aan die ekonomie deel te neem ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2.5 **Bespreek kortliks die sukses van die mededingingsbeleid van Suid-Afrika.**

Die mededingingsbeleid was suksesvol omdat:
- baie besighede onlangs skuldig bevind is op die misbruik weens ekonomiese mag ✓✓
- in die meeste gevalle waar boetes opgelê is, is die boete gehandhaaf ✓✓
- samespanning het voorgekom toe Absa en ander banke hulle aan wisselkoers manipulasie skuldig gemaak het / Mittal Steel hulle skuldig gemaak het aan monopolistiese gedrag ✓✓
- toename in indiensneming deur KMMO as gevolg van die geleentheid wat hulle gehad het om tot die mark toe te tree ✓✓
- voorsiening te maak vir nuwe kriminele sanksies wat op individue gehef word ✓✓
- karteloptrede word verbied deur afdeling 4 (1) (b) van die wet. Die straf vir deelname is ‘n boete van tot 10% van die firma se jaarlikse omset ✓✓
- hulle verbied en reguleer samesmeltings byvoorbeeld Mass Mart en Wall Mart ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Wat is die verkoopprys vir die besigheid hierbo?**

R150 ✓ (1)

2.3.2 **Identifiseer die letter op die grafiek hierbo wat die verlies minimeringspunt aandui.**

c ✓ (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *monopolie*.**

'n Markstruktuur waar **slegs een verkoper/produsent/ vervaardiger/voorsiener** funksioneer ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

Kopiereg voorbehou 

2.3.4 **Waarom is die ewewigsposisie hierbo tipies van die korttermyn?**

'n ekonomiese verlies is slegs moontlik vir die monopolis oor die korttermyn / monopolie maak altyd 'n ekonomiese wins oor die langtermyn / benoeming van grafieke dui nie op die langtermyn nie ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)


2.3.5 **Bepaal die verlies vir hierdie besigheid. Toon ALLE berekeninge.**

<u>Verlies</u> = Totale Inkomste – Totale koste
= (AR x Q) - (AC x Q)
= (150 x 100) – (200 x 100) ✓
= 15 000 ✓ - 20 000 ✓
= - <u>5 000</u> ✓

**<u>OF</u>**

Verlies = eenheidsverlies (200 – 150) ✓ x hoeveelheid (100) ✓
= 50 x 100 ✓
= -<u>5 000</u> ✓ (2 x 2) (4)

2.4 **Met behulp van 'n goed benoemde grafiek (koste en inkomste krommes) verduidelik die sluitingspunt van die individuele firma in 'n volmaakte mark.**




| **Puntetoekenning** | |
|---|---|
| Korrekte posisie van GVK kromme | 1 punt |
| Korrekte posisie van MK-kromme | 1 punt |
| Korrekte aanduiding van sluitingspunt | 2 punte |
| | **Maks 4** |

- Dis belangrik dat 'n besigheid se inkomste die gemiddelde veranderlike koste of veranderlike koste dek om met die besigheid voort te gaan ✓✓
- Die laagste vlak van produksie is 100 waar GI = GVK / MK = GVK (sluitingspunt) ✓✓
- Die besigheid sal nie teen pryse laer as $P_1$ produseer nie omdat GI minder is as die GVK ✓✓ (maks 6)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (8)

2.5 **Evalueer die impak van samespanning op die ekonomie.**

Samespanning sal 'n negatiewe uitwerking op die ekonomie hê deur:
- **vermindering van mededingendheid** oor die langtermyn deur 'n daling in BBP en indiensneming ✓✓
- laat prysvasstelling, markdeling en produksiebeheer toe deur kartelvorming en prysleierskap ✓✓
- skepping van **skaarsheid** deur verhoging van pryse terwyl ondoeltreffende verskaffers beskerm word ✓✓
- die gemeenskap, verbruikers, besighede en selfs owerhede te dwing om **hoër pryse vir goedere en dienste te betaal** ✓✓
- **skeefgetrekte ekonomiese markte** en stadige innovering omdat daar min aansporings is om geld op navorsing en ontwikkeling te spandeer ✓✓

Samespanning sal 'n positiewe uitwerking op die ekonomie hê deur:
- logiese vasstelling van pryse om die **verskaffer te bevoordeel** ✓✓
- **bevoordeling van derde partye** ✓✓ bv. EPOC (oliekartel) en Groenparty het soortgelyke belange – OPEC verhoog die prys van olie kunsmatig deur samespanning. Dit verminder die hoeveelheid verbruik. Hierdeur sal die omvang van negatiewe eksternaliteite van besoedeling daal ✓✓
- **bevoordeling van die owerheid** deur stygende inkomste via indirekte belasting op inflasionêre pryse ✓✓

  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
  (Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/ voorbeelde) (8)

**[40]**

## VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE STREWES

3.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

3.1.1 **Gee enige TWEE voorbeelde van verbruikersinflasie.**

- VPI – hooflyn / oorkoepelende ✓
- Kern ✓
- Geadministreerde ✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

3.1.2 **Wat is die hoofdoelwit van bewaring ('preservation')?**

Voorkom die uitsterf van plant- en dierspesies / verseker dat nie-hernubare hulpbronne nie vir ewig verlore is nie ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Identifiseer in die inligting hierbo, die inflasiekoers wat buite die inflasieteikengrens val.**

6.5 % ✓ (1)

3.2.2 **Gee EEN rede vir die daling in die inflasiekoers.**

- Voedselpryse groei teen ‘n stadiger koers ✓
- Laer verbruikersvraag ✓
- Verhoogde landbouproduksie ✓
- 'n Lae prys vir ru-olie ✓
- Effektiwiteit van die monetêre en fiskale beleide / minder besteding ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term repo (terugkoop) koers.**

Dit is die koers waarteen handelsbanke geld leen by die SARB/ Koers waarteen die Reserwebank geld aan handelsbanke leen ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.4 **Hoe sal 'n daling in die inflasiekoers lae inkomste verdieners bevoordeel?**

Dit sal lae inkomsteverdieners in staat stel om meer behoeftes te bevredig ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(2)

3.2.5 **Hoe kan prysstabiliteit die ekonomie positief beïnvloed?**

Prysstabiliteit sal die ekonomie positief beïnvloed deur:

- verlaging in inflasieverwagtings tussen verbruikers, besighede en werkers ✓✓
- besighede toe te laat om beleggings oor die lang termyn te maak in projekte met die wete dat pryse stabiel sal wees ✓✓
- verhoging van buitelandse direkte investering om ekonomiese groei deur massaproduksie te bevoordeel ✓✓
- laat verbruikers toe om beter besluite te neem wat kan lei tot 'n styging in totale vraag en ekonomiese groei ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer die tipe besoedeling in die spotprent hierbo.**

Lugbesoedeling/atmosferiese besoedeling ✓ (1)

3.3.2 **Watter groot omgewingsprobleem kan die gevolg wees van die sakeaktiwiteite hierbo?**

Klimaatverandering / aardverwarming ✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *omgewingsvolhoubaarheid*.**

Omgewingsvolhoubaarheid kan beskryf word as die vermoë van die omgewing om die gebruik van ekonomiese aktiwiteit te oorleef / dit verwys na bevrediging van behoeftes van die huidige generasie sonder om die behoeftes van toekomstige generasies ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.4 **Watter impak (uitwerking) sal klimaatsverandering op voedselsekuriteit (volgehoue voedselproduksie) hê?**

- Beperk produksie as gevolg van buitengewone droogtes en vloede wat hittegolwe of veldvure veroorsaak ✓✓
- Gevaarlike afval en chemiese afval sal kwaliteit en kwantiteit verlaag en voedselbesmetting ✓✓
- Dwing produsente om hul produksieprosesse te verander as gevolg van 'n veranderende klimaat en ontwikkeling van verskillende produkte waar daar nie 'n vraag voor bestaan nie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.5 **Hoe kan omgewingsubsidies gebruik word om volhoubare ontwikkeling in Suid-Afrika te verseker?**

- Subsidies kan toegeken word aan besighede om omgewingskade te beperk / deur herwinning van bottels, kannetjies en karton ✓✓
- Die owerheid kan nuwe tegnologie subsidieer wat energie spaar soos energie-besparende gloeilampe of son-warmwatertoestel, lugkrag om lugbesoedeling te verminder
- bevorder omgewings-vriendelike substitute soos loodvrye petrol ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(Maks 4) (4)

3.4 **Onderskei kortliks *vraagtrek- en kostedrukinflasie*.**

**Vraagtrek-inflasie:**

- Vraagtrek-inflasie kom voor wanneer totale vraag in 'n ekonomie die totale aanbod oorskry ✓✓
- Groepe verantwoordelik vir vraag-inflasie is verbruikers (geen spare), besighede (skep meer krediet) en owerheid (hef minder belasting) ✓✓
- Buitelanders dra ook by tot inflasie deur 'n hoër vraag na Suid-Afrikaanse goedere en dienste deur groter uitvoere ✓✓
- 'n Relatiewe styging in totale vraagkomponente van C, I, G en M ✓✓
- Te veel geld jaar te min goedere ✓✓
- Loonverhogings sonder 'n styging in produktiwiteit ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoorde)
(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote opnoem van feite/maksimum 1 vir voorbeelde) (Maks 4)

**Kostedruk-inflasie:**

- 'n Styging in arbeidskoste as gevolg van aggressiewe vakbond onderhandelinge ✓✓
- Produsente verhoog winste – pryse styg meer as die styging in produksiekoste ✓✓
- Die Staat hef 'n hoër BTW koers ✓✓
- Duur ingevoerde produkte (intermediêre goedere) veroorsaak 'n styging in die pryse van plaaslike finale goedere ✓✓
- Laer produktiwiteit maar dieselfde vergoeding ✓✓
- Natuurrampe d.i. vloede of droogtes verhoog die produksiekoste ✓✓
- Verhoogde totale koste aan die aanbodkant ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoorde)
(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote opnoem van feite/maksimum 1 vir voorbeelde) (Maks 4) (8)

3.5 **Waarom is die internasionale maatreëls (ooreenkomste) oneffektief om die effek van klimaatsverandering te verminder?**

Internasionale maatreëls was onsuksesvol omdat:

- daar ‘n gebrek aan toewyding by owerhede was om teikens bepaal deur ooreenkomste te behaal / monitering van beleide ✓✓
- daar nie voldoen is aan uitlaatgas-vlakke nie, en die effek van klimaatverandering is meer sigbaar as ooit, wat lei tot ‘n verlies in BBP en ‘n afname in indiensneming ✓✓
- dit moeilik is om organisasies te identifiseer wat verantwoordelik is om lande aanspreeklik te hou vir hul aksies ✓✓
- daar ‘n gebrek is aan streng wetstoepassing in die oplegging van boetes op dié lande wat nie teikens kon bereik nie ✓✓
- botsende belange bestaan tussen die doel om volhoubare ontwikkeling te bereik en groter ekonomiese ontwikkeling ✓✓
- groot besoedelaars (soos VSA) nie in staat was om die teikens wat deur die Kyoto protokol gestel was en steeds tot aardverwarming bygedra het terwyl hulle nie belanggestel het in die oplos van die krisis nie as gevolg van duur tegnologie in die verlaging van besoedeling ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde) (8)

**[40]**

## VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE STREWES

4.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

4.1.1 **Gee enige TWEE voorbeelde van gevaarlike afval wat die omgewing beïnvloed.**

- Onkruiddoders ✓
- Toksiese metaalafval (lood, kwik, olie-storting) ✓
- Radio-aktiewe afval (gebruikmaking van kern-energiestawe) ✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

4.1.2 **Waarom word merietegoedere gewoonlik deur die mark onderverskaf?**

Die mark produseer slegs goedere wat winsgewend is / Sommige goedere is hoogs wenslik vir die algemene welvaart van die mense maar word nie hoog deur die mark aangeslaan nie / private koste oorskrei private voordeel / indien hulle daarvoor moes betaal, sou min mense dit verbruik ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Gee EEN voorbeeld van 'n monopolistiese mededinger wat slegs in hoender spesialiseer.**

- KFC ✓
- Chicken Licken ✓
- Nando's ✓
- Hungry Lion ✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

4.2.2 **Identifiseer die term wat 'n kombinasie van volmaakte mededinging en monopolie beskryf.**

'... hibriede ...' / monopolistiese mededinging ✓ (1)

4.2.3 **Hoekom speel handelsmerke 'n belangrike rol in monopolistiese mededinging?**

Handelsmerke differensieer tussen die produkte van mededingers en bou verbruikerslojaliteit ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.4 **Gee 'n rede waarom besighede in die monopolisties-mededingende mark verkies om op 'n nie-prys-grondslag mee te ding.**

- Nie-prysmededinging laat hulle toe om te fokus op die uniekheid van die produk wat verkope kan verhoog. ✓✓
- Hulle ding nie mee gebaseer op pryse nie, omdat dit prysoorloë veroorsaak wat pryse afdwing omdat daar te veel verkopers is ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.5 **Waarom sal die ekonomiese wins wat deur 'n monopolistiese mededinger gemaak word, in die lang termyn verdwyn?**

Ekonomiese wins sal verdwyn in die lang termyn omdat:

- nuwe besighede wat maklik toegetree het tot die monopolisties mededingende mark ✓✓
- stygende mededinging sal lei tot 'n daling in pryse wat lei tot laer winste ✓✓
- 'n styging in die aantal substituut-produkte geproduseer wat die vraag sal verminder✓✓
- dit sal uiteindelik lei tot normale wins deur die monopolistiese mededinger in die lang termyn ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Wat is die hoofrede vir die stroping van renosters?**

Renosterhorings/geld ✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

4.3.2 **In watter jaar het Suid-Afrika die ergste renosterstropery beleef?**

2014 ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *biodiversiteit.***

Biodiversiteit is 'n verskeidenheid plante en diere wat oor die aarde versprei is ✓✓ (2)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

4.3.4 **Gee EEN voorbeeld waarop 'n bewustheid van die natuurlike fauna en flora geskep kan word.**

- Maak kinders en volwassenes meer bewus van omgewingskwessie deur die media en skoolbesoeke ✓✓
- Verander gemeenskaps-wildreservate in nasionale parke ✓✓
- Veldroetes, omgewingstoere met gidse ✓✓
- Gebruik die media soos ‘facebook’ of die radio om ‘n bewustheid te skep ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)


4.3.5 **Hoe sal beskerming die mense wat naby die renosterhabitat woon, bevoordeel?**

Plaaslike mense sal bevoordeel word deur die ontwikkeling van wildreservate deur:

- 'n verskeidenheid infrastruktuur te gebruik soos paaie, water, vervoer en inkopie-fasiliteite ✓✓
- meer werksgeleenthede te geniet wat lei tot 'n toename in die lewenstandaard ✓✓
- entrepreneuriese geleenthede te verbeter deur die vervaardiging van handwerk-produkte ✓✓
- sosiale voordele soos klinieke en gemeenskapsaktiwiteite te geniet ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

4.4 **Met behulp van grafieke, verduidelik kortliks hoe pryse vir 'n individuele produsent in 'n volmaakte mark bepaal word.**




**Puntetoekenning**:
Interaksie tussen vraag en aanbod = 1 punt
Verband tussen markprys en die prys van die individuele firma = 1 punt
Korrekte trek van vraagkromme = 1 punt
Korrekte benoem van vraagkromme = 1 punt
**Maks 4 punte**

- Die markkragte van vraag en aanbod bepaal die prys ($OP_1$) ✓✓
- Die verkopers is te onbeduidend in die beïnvloeding van die markprys, en staan dus as prysnemers bekend ✓✓
- Elke individuele produsent word gedwing om sy goedere teen markprys te verkoop. Dus neig die vraagkromme plat/horisontaal/volmaak elasties (kromme vv) ✓✓
- Die individuele produsent sal nie sy prys verhoog nie omdat hy nie in staat sal wees om al sy produkte te verkoop nie; hy sal ook nie sy prys verlaag nie, omdat hy al sy produkte teen markprys kan verkoop ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 6) (8)

4.5 **Hoe kan Suid-Afrikaanse huishoudings tot 'n laer inflasiekoers bydra?**

Suid-Afrikaanse huishoudings kan bydra tot 'n laer inflasiekoers deur:

- spaar van 'n groter deel van hul inkomste deur geld beskikbaar te stel om by te dra tot kapitaalvorming deur besighede ✓✓
- beperking op luukse besteding op goedere en dienste tot hul besteebare inkomste ✓✓
- lone te eis wat in lyn is met die huidige inflasiekoers ✓✓
- verhoging van produktiwiteit om te verseker dat die geld wat hulle ontvang vir hul arbeid ooreenstem met die inkomste wat hulle ontvang ✓✓
- vermindering van die vraag na lenings en ander vorme van krediet ✓✓
- nywerheidsaksies te verminder wat produksie van goedere en dienste mag verlaag ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/ voorbeelde) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

## VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE

- **Bespreek die gevolge van markmislukking met behulp van grafieke onder die volgende hoofde:**
  - **Produsente subsidies (8)**
  - **Maksimumpryse (8)**
  - **Minimumlone (10)** **(26 punte)**
- **Met verwysing na die grafiek hieronder, ontleed hoe 'n negatiewe eksternaliteit kan lei tot wantoedeling van hulpbronne.** **(10 punte)** **[40]**


### INLEIDING

Markmislukking is wanneer die mark in gebreke bly om voldoende hoeveelhede (optimum) te produseer wat die mense benodig ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding) (Maks 2)

### HOOFDEEL

**Produsente subsidies**

- 'n Subsidie is 'n vorm van finansiële toelae deur die staat, wat die produksie van 'n goed of diens ondersteun deur die produksiekoste te verlaag ✓✓
- Subsidies kan direk (bv. Kontanttoelaes) of indirek (bv. Afskryf van waardevermindering) wees ✓✓





| Puntetoekenning | |
|---|---|
| Oorspronklike ewewigspunt | 1 punt |
| Nuwe ewewigspunt | 1 punt |
| Nuwe aanbodkromme | 2 punte |
| | **Maks 4** |

- Die markprys daal van P na P2, en die hoeveelheid verbruik styg van Q na Q1 as gevolg van die subsidie wat deur die owerheid betaal is ✓✓
- Die produsent word bevoordeel deur 'n subsidie/die produsent se wins styg (die verskil tussen P en $P_2$) ✓✓
- Die verbruiker word bevoordeel deur 'n subsidie omdat hy minder betaal (prys daal van P na $P_1$) ✓✓
- Produsente-subsidies word dikwels aan verskaffers van landbouprodukte soos melk, koring en mielies, gegee ✓✓ (Maks 6)

**Maksimumpryse**

- Somtyds sal die owerheid die prys van 'n goed of diens vasstel by 'n maksimumprys wat onder die markprys lê/die owerheid meng in en vaardig wette uit waar verskaffers nie meer as die maksimumprys mag vra nie ✓✓
- Maksimumpryse word gewoonlik vasgestel op basiese goedere, soos voedsel en vervoer sodat inwoners wat toegang tot sekere goedere en dienste 'n sekere minimum lewenstandaard kan handhaaf ✓✓





| **Puntetoekenning** | |
|---|---|
| Oorspronklike ewewigspunt | 1 punt |
| Aanduiding van hoeveelheids-verandering | 1 punt |
| Aandui van maksimumprys | 2 punte |
| | **Maks 4 punte** |

- In die figuur hierbo, word die maksimum prys vasgestel op $P_1$, terwyl die markprys P is ✓✓
- Die onmiddellike effek is dat die hoeveelheid wat voorsien word sal daal van Q na $Q_1$ ✓✓
- Die tekort veroorsaak deur die prysplafon skep 'n probleem hoe die produk toegedeel moet word aangesien die vraag die aanbod oorskry ✓✓
- Swartmarkte ontwikkel dikwels waar onwettige goedere gekoop of verkoop word ✓✓ (Maks 6)

**Minimum lone**

- As die owerheid minimum loon afdwing, beteken dit dat werkers 'n sekere minimum vergoeding betaal sal word wat sal lei tot 'n hoër lewenstandaard / groter bevrediging van behoeftes ✓✓





| **Puntetoekenning** | |
|---|---|
| Oorspronklike ewewigspunt | = 1 punt |
| Aandui van hoeveelheids-verandering | = 1 punt |
| Aandui van minimumloon | = 2 punte |
| | **Maks 4 punte** |

- Die grafiek toon dat indien die loonkoers vasgestel word teen W, die ooreenstemmende vraag en aanbod van arbeid Q sal wees ✓✓
- As 'n minimumloon op W1 vasgestel word, sal die vraag na arbeid daal van Q na Q1. Sommige mense kan werkloos raak ✓✓
- Die aanbod van arbeid sal egter toeneem van Q na Q2, omdat meer mense hul arbeid sal aanbied teen 'n hoër inkome ✓✓
- Minimumlone sal lei tot groter bedingingsmag van werkers ✓✓ (Maks 8)
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
  (Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)

(Maks 26)

**ADDISIONELE DEEL**




'n Negatiewe eksternaliteit lei tot die wantoedeling van hulpbronne:

- omdat eksterne koste nie ingesluit word by die prys as die mark 150 eenhede produseer nie ✓✓
- as eksterne koste ingesluit word, sal die aanbod daal en die mark sal 100 eenhede produseer teen 'n hoër prys van R50, wat sosiaal aanvaarbaar is ✓✓
- aangesien die mark nie eksterne koste in aanmerking neem nie, vind oorproduksie plaas waar meer hulpbronne gebruik word as wat sosiaal wenslik is ✓✓
- benadeel ander produsente of verbruikers deur die optrede van sekere produsente wat 'n negatiewe uitwerking het op die kostestruktuur van ander deelnemers ✓✓
- 'n prys van R40 gehef word vir 'n hoeveelheid 150 verkoop, wat slegs private koste verteenwoordig (MPK) ✓✓
- die sosiale optimale produksiepunt bereik word waar sosiale koste in berekening gebring word, wat sal tot 'n prysstyging tot 50 en 'n daling in hoeveelheid van 100 ✓✓
- te veel produksie van 'n goed op 'n negatiewe eksternaliteit (welvaartsverlies) dui by die gearseerde deel in die grafiek ✓✓
- Teen R40, indien die mark op sy eie funksioneer, sal 'n hoeveelheid van 150 geproduseer word (sosiaal onvoldoende) (Maks 10)

**SLOT**

Die owerheid raak self direk betrokke in die mark as die mark nie reageer in belang van die gemeenskap nie ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoër orde antwoord) Maks (2) **[40]**

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE STREWES**

- **Bespreek die effek van toerisme. (26 punte)**

- **Evalueer die sukses van inheemse kennisstelsels (IKS) by die bevordering van toerisme in Suid-Afrika. (10 punte)** **[40]**

**INLEIDING**

Toerisme is die aktiwiteite van mense wat reis en bly in plekke buite hul normale omgewing vir nie meer as een aaneenlopende jaar vir ontspanning, besigheid en ander redes ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) Maks (2)

**INHOUD: HOOFDEEL**

**BBP** ✓
- Toerisme is die vierde-grootste industrie in Suid-Afrika en ondersteun omtrent 700 hotelle, 2 800 gastehuise en bed-en-ontbyt instellings en 10 000 restaurante ✓✓
- Toerisme het die potensiaal om die ekonomiese insinking te beëindig, alhoewel dit voor 2010 met 5% geval het, het dit weer met 5% gestyg daarna ✓✓
- Toerisme het 'n direkte sowel as indirekte uitwerking op die BBP.

| ***Direkte impak*** | ***Indirekte impak*** |
|---|---|
| Toerisme dra 3% van die BBP by in 2018 ✓✓<br>Interne besteding op reis en toerisme deur inwoners en nie-inwoners vir besigheid en ontspanning ✓✓ | Toerisme dra 9% by in 2018 ✓✓<br>Owerheid en private sektor bestee, soos byvoorbeeld op nuwe vliegtuie en konstruksie van nuwe hotelle ✓✓ |

**Indiensneming** ✓
- Die toerisme-industrie neem omtrent 7% van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag in diens, en word potensieel as die grootste werkverskaffer en verdiener van buitelandse valuta beskou ✓✓
- Dit word geprojekteer dat teen 2018, die toerismebedryf meer as 1,2 miljoen mense in diens gehad het ✓✓
- Toerisme word gesien as ideaal vir werkverskaffing in gebiede wat min werksgeleenthede verskaf ✓✓
- Omdat dit arbeidsintensief is, alhoewel dit die laagste veerhouding van investering tot werkskepping het ✓✓
- Gebruik 'n verskeidenheid vaardighede, van rekenmeesters tot haarkappers ✓✓
- Het die potensiaal om werk te skep en nuwe geleenthede vir klein entrepreneurs te skep ✓✓
- Verskaf onmiddellike indiensneming soos lewendige vermaak by vakansie-oorde ✓✓
- Verskaf entrepreneursgeleenthede in die informele sektor byvoorbeeld vrugteverkopers ✓✓

**Armoede ✓**
- Die inkomste van die toerismebedryf verdien dra by tot die land se groei en ontwikkeling. Dit verlaag armoede. Toerisme kan die lewens van arm mense op baie maniere beïnvloed ✓✓
- Die departement van toerisme is betrokke by armoede verligtingsprojekte wat toerisme produkte en dienste begunstig wat deur die gemeenskap besit word ✓✓ Armoede-verligtingsprogram bestuur armoede verligtings-voorstelle en oorspoel-projekte in die toerisme en omgewing sektore administreer ✓✓
- Hul fokus is op infrastruktuur-investering (bv. Inligtingsentrums, toeriste ablusie-fasiliteite, wandelpaaie) en produkontwikkeling (bv. Erfenisterreine, rotskuns en beskerming) ✓✓
- Deur hierdie program, poog die departement van omgewingsake en toerisme om langtermyn volhoubare werksgeleenthede vir die lede van Suid-Afrika se armste gemeenskappe te voorsien in landelike gebiede ✓✓
- Toerisme is ‘n effektiewe meganisme vir verspreding van hulpbronne aan landelike gebiede om hul toerisme-attraksies te ontwikkel ✓✓

**Toerisme-eksternaliteite ✓**
- Toerisme aktiwiteite mag lei tot voordele of koste vir derdepartye wat nie deel van die koper/verkoper mark vorm nie ✓✓
- Negatiewe eksternaliteite: vliegtuig geraas ontstig inwoners naby lughawens ✓✓
- Ander voorbeelde/koste: verkeersopeenhoping, ekstra polisiëring as gevolg van misdaad, beter gesondheidsdienste en sanitasie, agteruitgang van flora en fauna, vernietig die natuurskoon, groter instandhouding van infrastruktuur ✓
- Positiewe eksternaliteite: die Gautrain verbind verskillende areas met 'n vinnige vervoerstelsel veral na die lughawe ✓✓
- Ander voordele is nuwe rekreasie fasiliteite, wat indirek en direkte belastinginkomste bydra ✓✓
- Toerisme kan inflasie veroorsaak, wat sommige goedere minder bekostigbaar vir plaaslike inwoners maak ✓✓

**Die omgewing ✓**
- Die invloei van toerisme en voertuie na beskermingsgebiede beskadig grasvelde, plantegroei en dierspesies ✓✓
- Toerisme behels vervoer wat 'n groot bron van besoedeling is ✓✓
- Beleid behoort in plek te wees wat sal verseker dat toeriste vervoer word in die mees omgewingsvriendelike wyse ✓✓ bv. Riksja by die strande, perdry, fietsry ✓
- Die gebruik van die Gautrain is meer omgewingsvriendelik omdat dit minder koolstof vrystel ✓✓
- Die vinnige agteruitgang van die omgewing is 'n groot bedreiging vir die toerismebedryf ✓✓
- Die omgewing word verdeel in vier hoofafdelings: permanente omgewingsherstruk-turering soos lughawens ✓✓ direkte omgewingstres wat deur toerisme aktiwiteite ✓✓
- die effek op bevolkingsdinamika ✓✓

**Investering/infrastruktuur ✓**
- Toerisme lei tot verhoogde vraag, wat die besigheid meer gewillig maak om in kapitaalgoedere en arbeid te investeer ✓✓
- Owerheidsbesteding op infrastruktuur word aangemoedig omdat dit 'n inkomste genereer ✓✓
- Met betrekking tot reis en toerisme, sluit infrastruktuur vaste passasier vervoer investering in, dienste by bestemmings soos krag, water en riolering, vaste kommunikasie investering ✓✓
- Suid-Afrika het 'n eerste-wêreld infrastruktuur; daar is egter 'n gebrek aan infrastruktuur in die landelike gebiede, wat die deelname van die landelike gemeenskappe aan die toerismebedryf beperk ✓✓
- Die afwesigheid van voldoende vervoerdienste voorkom dat landelike gemeenskappe aan die toerismebedryf deelneem as potensiële verskaffers van produkte en as toerisme ✓✓
- Energie-infrastruktuur soos elektrisiteit word benodig deur toeriste en toeriste-attraksies ✓✓
- Toeriste benodig basiese dienste soos skoon water en vullisverwydering ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 26)
  (Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)

**ADDISIONELE DEEL**

**Evalueer die sukses van inheemse kennisstelsels in die bevordering van toerisme in Suid-Afrika.**

Inheemse kennisstelsels is suksesvol in die bevordering van toerisme in Suid-Afrika deur:
- Aanbieding van <u>unieke attraksies</u> wat buitelandse toeriste aanmoedig om meer van Suid-Afrika se inheemse kultuur, geskiedenis en kulturele diversiteit te leer ✓✓
- Geleenthede aan toeriste te bied om die <u>inheemse kultuur</u> te ervaar ✓✓ bv. <u>kulturele dorpies</u> soos Shangana in Mpumalanga en Basotho in die Vrystaat ✓
- Aanbieding van goedkoop <u>kulturele toere</u> gebaseer op inheemse kennis ✓✓
- Aanmoediging vir die <u>skepping van beleide</u> deur die owerheid om te beskerm, ontwikkel en bevorder ✓✓ bv. Medisyne, kuns en handwerk ✓
- Uitbreiding van <u>ondervindings van toeriste na klein dorpies</u> ✓✓ soos in Soweto waar hulle kan eet en drink by 'n sjebien ✓
- Uitstalling van <u>Afrikakuns en kultuur</u> ✓✓ bv. Musiek by die nasionale kunsfees in Grahamstad ✓
- Ontwikkeling van <u>terreine</u> van kulturele en historiese belang soos <u>Robbeneiland</u> ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante hoër orde antwoord) (Maks 10)

**SLOT**

Bemarking van toerismeprodukte vir beide binnelandse en internasionale markte is belangrik vir die bereik van die volle groeipotensiaal van die sektor in Suid-Afrika ✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante hoër orde antwoord) (Maks 2)

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou